education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## MODEL 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. VRAAG 1 is VERPLIGTEND. Kies enige TWEE vrae uit die oorblywende drie vrae.

3. AL die vrae tel ewe veel punte.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

1.1 Verduidelik kortliks die volgende konsepte met betrekking tot godsdiens:

1.1.1 Identiteit (2)
1.1.2 Uniekheid (2)
1.1.3 Eenheid (2)
1.1.4 Eendersheid (2)
1.1.5 Verskil (2)

1.2 Noem DRIE hooftakke van Judaïsme. (6)

1.3 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer.

Die oorsprong van die volgende vorm van die Christelike godsdiens is in Suid-Afrika:

A Presbiteriaanse Kerk
B Inheemse Afrika-kerke
C Afrika Tradisionele Godsdiens (2)

1.4 Onderskei tussen die *tradisionele geneser ('healer'/inyanga)* en die *waarsêer (isangoma)*. (10)

1.5 Identifiseer die persoon wat deur die Baha'i-geloof as die laaste profeet en verlosser beskou word, en dui die Baha'i se opvatting oor God aan. (4)

1.6 Wat is die TWEE algemene kenmerke van die Afrika Tradisionele Godsdiens in Afrika suid van die Sahara? (4)

1.7 Noem kortliks EEN unieke kenmerk van Boeddhisme met betrekking tot die leringe daarvan oor God. (2)

1.8 In watter opsig kan daar na vorms van Hindoeïsme as politeïsties verwys word? (2)

1.9 Kies 'n godsdiens uit KOLOM B om by 'n heilige geskrif/bron in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.9.1 – 1.9.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.9.1 | Die Koran/Qoer'aan | A | Baha'i |
| 1.9.2 | Die Bybel | B | Hindoeïsme |
| 1.9.3 | Die Vedas | C | Boeddhisme |
| 1.9.4 | Die Pali Canon | D | Christelike godsdiens |
| 1.9.5 | Die Kitáb-i-Aqdas | E | Islam |

(5 x 2) (10)
**[50]**

**Beantwoord enige TWEE van die volgende drie vrae.**

## VRAAG 2

2.1 Lees die volgende uittreksel uit die *Sunday Times* van 12 Februarie 2006 oor die konflik tussen godsdiens en die media en beantwoord die vrae wat volg.

**SA MOSLEMS AANGESÊ OM KALM TE BLY**

Teoloë verwerp dreigemente van geweld, bepleit vreedsame protes. Die kabinet het gesê dat die media se reg op vryheid van spraak met ander regte gebalanseer moet word.

CHARLES MOLEFE

Moslemleiers in Suid-Afrika het Vrydag 'n oproep om kalmte gedoen na 'n week van protesoptrede oor die verskyning van karikature van die Profeet Mohammed.

In 'n verklaring wat vandag in die *Sunday Times* verskyn, het die Jamiatul Ulama Transvaal gesê dat die dreigemente van geweld deur sommige persone in die land nie oorgesien kan word nie en Moslems is gevra om vreedsaam te protesteer.

Daar is 'n beroep gedoen dat hulle 'die boikot van die *Sunday Times* en enige ander media wat sensitiwiteit vir die gelowe en praktyke van die onderskeie geloofsgebaseerde gemeenskappe in die land toon, moet beëindig'.

Die verklaring het gekom op 'n tydstip wat spanning 'n kritieke punt bereik het na die verskyning van die spotprente in verskeie lande wêreldwyd en in die *Mail & Guardian* plaaslik.

Daar was Vrydag geen berigte van gewelddadige konfrontasies of doodsdreigemente internasionaal nie. Die verposing het gekom nadat Deense ambassades in Sirië en Beiroet verlede naweek aangeval is en ten minste agt mense in Afganistan doodgemaak is toe veiligheidsmagte Maandag en Dinsdag probeer het om protesoptrede te onderdruk.

In Suid-Afrika is 'n impromptu en gelokaliseerde boikot van die *Sunday Times* deur Moslems hierdie week deur 'n enorme protesoptrede buite die Deense ambassade in Pretoria opgevolg. Protesoptogte is ook in Kaapstad en Durban gehou.

Die protesteerders het 'n oproep om die boikot van Deense produkte gedoen – in ooreenstemming met internasionale oproepe. Hierdie hewige emosies het selfs daartoe gelei dat die kabinet Woensdag op hierdie saak ingegaan het. In 'n verklaring is gesê dat die media se reg op vryheid van spraak, met ander regte wat in die Grondwet beskerm word, gebalanseer moet word.

'Suid-Afrika handhaaf die beginsel van die reg op vryheid van spraak. Ons Grondwet skryf aan ons voor, dat in die uitoefening van hierdie reg, die sensitiwiteit van individue en gemeenskappe gerespekteer moet word, en om aktiwiteite wat dalk as haatspraak geïnterpreteer kan word, te vermy,' is gesê.

Die uitstorting van woede het ook daartoe gelei dat die polisie landswyd in Suid-Afrika sekuriteit by Deense missies verskerp het.

In Suid-Afrika het die woede verlede Vrydag oorgekook toe die *Sunday Times* geweier het om aan Jamiatul Ulama te onderneem dat dit nie die spotprente sou publiseer nie. Die koerant wou sy reg om self redaksionele besluite te neem, verdedig, eerder as om deur drukgroepe voorgesê te word.

Die Jamiat het daarop 'n suksesvolle laatnag-interdik aangevra om die koerant te verhoed om die spotprente te publiseer, met regter Mohammed Jajbhay wat die *Sunday Times* in toom gehou het deur te sê dat 'die reg op waardigheid, vir sowel 'n individu as 'n groep, belangriker as die reg op vryheid van spraak is'.

Sy besluit is met misnoeë begroet deur die redakteur, Mondli Makhanya, en die SA National Editors' Forum, wat dit as 'n ernstige terugslag vir persvryheid beskou het.

Na 'n weeklange bespreking met die *Sunday Times*, het Jamiatul Ulama egter in hul verklaring gesê: 'Die redakteur van die *Sunday Times* het ons oortuig van hierdie publikasie se bereidheid om die belangrikheid van vryheid van uitdrukking met die sensitiwiteite van al sy lesers te balanseer.'

Intussen het die *Mail & Guardian*, die enigste koerant in Suid-Afrika wat een van die spotprente op sy wêreldblad gepubliseer het, apologie aangeteken en gesê dat die bedoeling nie was om die Moslems se godsdienstige sensitiwiteit te 'vertrap' nie.

'Dit is ons gevestigde praktyk dat, indien ons die godsdienstige of etniese sensitiwiteit van enige groep Suid-Afrikaners sou vertrap, ons onvoorwaardelik apologie sal aanteken,' is daar op die redakteursblad geskryf. 'Verlede jaar het ons die Joodse gemeenskap om verskoning gevra oor 'n spotprent wat aanstoot gegee het. Dit is in hierdie selfde gees dat ons ons apologie aan Moslems bied, wat aanstoot geneem het aan verlede week se publikasie van een van die spotprente wat in 'n Deense koerant verskyn het en wydverspreide protesoptrede in Europa en die Midde-Ooste veroorsaak het.'

Torben Brylle, die Deense ambassadeur in Suid-Afrika, het gesê dat hy die woede van plaaslike Moslems aan die Deense regering oorgedra het. Hy het ook die Moslemleiers in Suid-Afrika verseker dat daar geen bedoeling was om Moslems aanstoot te gee nie.

[Bron: *Religiestudies Graad 12,* Steyn Kruger Clasquin, bladsy 220]

2.1.1 Hoe het die Jamiatul Ulama op die protesoptrede deur Suid-Afrikaanse Moslems gereageer? (2)

2.1.2 'Die kabinet het gesê dat die media se reg op vryheid van spraak met ander regte gebalanseer moet word.'

Volgens die kabinet, noem TWEE oorwegings wat die media in gedagte moet hou wanneer hulle hul reg tot vryheid van spraak uitoefen. (4)

2.1.3 Wat was die rede vir die Suid-Afrikaanse Moslems se impromptu boikot van die *Sunday Times*? (2)

2.1.4 Dink jy dat die publikasie van die spotprente van die Profeet Mohammed die gepaste ding was om te doen? Motiveer jou antwoord. (4)

2.1.5 Dink jy dat die artikel in die *Sunday Times* albei kante regverdig uitbeeld, of probeer dit die lesers beïnvloed om partydig te wees? Motiveer jou antwoord. (4)

2.1.6 Hoe het die Deense ambassadeur in Suid-Afrika op die Moslems se protesoptrede gereageer? (2)

2.1.7 Wat het daartoe gelei dat die polisie sekuriteit by Deense missies dwarsoor Suid-Afrika verskerp het? (2)

2.1.8 Skryf 'n brief aan jou skool se koerant waarin jy die reg op vryheid van spraak en die verantwoordelikheid om godsdienstige verdraagsaamheid uit te oefen en aan te moedig, balanseer. (10)

2.2 Lees die volgende uittreksel oor konflik tussen godsdienste en beantwoord die vrae wat volg.

**GEVALLESTUDIE: GODSDIENSTIGE KONFLIK IN AYODHYA**

Meer as 500 jaar gelede is 'n pragtige moskee, die Babri Moskee, in Ayodhya in die provinsie van Gujarat in Indië gebou. Hindoes het egter nog altyd volgehou dat die terrein waarop die moskee gebou is, die geboorteplek van hulle hooggeagte god, Lord Rama, is en dat 'n tempel afgebreek is om die moskee te bou. Vandag is daar enkele argeologiese bewyse dat dit dalk waar kan wees.

Daar was oor baie jare heen spanning oor hierdie terrein en in 'n stadium was daar aparte Moslem en Hindoe plekke van aanbidding op die terrein. Die grense tussen die twee groepe is egter dikwels oortree en die spanning tussen die groepe het toegeneem. Die spanning het in 1992 tot 'n hoogtepunt gekom toe duisende radikale Hindoes die antieke moskee verwoes het. Toe woedende Moslems weerwraak neem deur Hindoes aan te val, het opstande gevolg wat die lewens van amper 3 000 mense geëis het.

Kort daarna het die Wêreldraad van Hindoes aangekondig dat 'n tempel ter ere van Rama op die terrein gebou sou word. In voorbereiding hierop het 'n aantal vakmanne begin om sandsteenfigure en -pilare op die terrein uit te kerf en duisende mense het begin om pelgrimstogte na die gebied te onderneem. Moslems (wat meer as 10 persent van Indië se een biljoen mense uitmaak) wou egter hê dat die moskee herbou word. Die howe in Indië het enige aktiwiteit op die terrein verbied totdat die saak opgelos is en duisende lede van die veiligheidspolisie is na die terrein ontplooi.

Toe, in 2002, is 'n trein met Hindoes wat die terrein besoek het, deur Moslems met brandbomme bestook en 58 mense, insluitende baie vroue en kinders, het doodgebrand. Dit het tot enorme geweld dwarsoor die provinsie aanleiding gegee wat uiteindelik 500 dood en duisende haweloos gelaat het nadat hulle huise afgebrand is. 'n Aandklokreël is in 26 stede in die provinsie ingestel en stakings is in groot dele van die land gehou. Die politieke party wat die oproep om die bou van 'n Hindoe-tempel op die terrein ondersteun het, se parlementêre verteenwoordiging het van 2 tot 86 in die verkiesing, wat op die oproer gevolg het, toegeneem.

Ayodhya was weer in die nuus, in Julie 2005, toe ses verdagte Moslem-militante die terrein aangeval het en na 'n lang skietgeveg met veiligheidsmagte gedood is. Daar het 'n paar protesoptogte, wat nie besonder goed bygewoon is nie, gevolg, paaie is gesluit en verkeer is ontwrig en die polisie het meer as 3 000 mense gearresteer. Maar, ten spyte van die woede aan beide kante, het die protesoptrede hierdie keer tot niemand se dood gelei nie en dit het vinnig bedaar.

[Bron: *Religiestudies Graad 12,* Steyn Kruger Clasquin, bladsy 230]

2.2.1 Hoe het elke geloofsgemeenskap die geweld ten opsigte van die ander in hierdie dispuut geregverdig? (6)

2.2.2 Wat het die Indiese howe gedoen as 'n tydelike oplossing vir die probleem? (2)

2.2.3 Verduidelik hoe die verskillende geloofsgemeenskappe deel van die oplossing in Ayodhya kan wees. (6)

2.2.4 Hoe het die politieke party wat 'n oproep om die bou van die Hindoe-tempel gedoen het, uit hierdie gebeurtenis voordeel getrek? (2)

2.2.5 Vergelyk die reaksies van die gemeenskap na die gewelddadige botsings in 2002 en 2005. (4)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Verduidelik in kort paragrawe die betekenis van die volgende terme:

3.1.1 Leerstelling/Doktrine (4)
3.1.2 Dogma (4)
3.1.3 Gelykenis (4)
3.1.4 Mite (4)

3.2 Skryf 'n gedetailleerde definisie van die konsep *hermeneutiek* neer. (10)

3.3 Bespreek kortliks enige sekulêre wêreldbeskouing en hoe dit op godsdiens wisselwerking uitoefen. (14)

3.4 Skryf 'n kort oorsig oor die heilige geskrifte van die Christelike geloof. (10)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die volgende vereenvoudigde uittreksel oor die evolusieteorie en beantwoord die vrae wat volg. Gebruik die uittreksel en jou eie kennis om die vrae te beantwoord.

> Volgens die evolusieteorie is alle vorme van lewe aan mekaar gekoppel en kan dit tot 'n gemene oorsprong teruggevoer word. Die verskillende tipes lewe is nie absoluut verskillend nie, maar kom op 'n enkele kontinuum voor.
>
> A Die lewe ontwikkel in 'n proses wat van eenvoudig na kompleks lei. Die onderskeie lewensvorme het nie reeds perfek gevorm verskyn nie, maar het oor tyd ontwikkel.
>
> B Hierdie proses het miljoene jare gelede reeds begin en gaan steeds voort. Lewe het nie binne 'n paar dae 'n paar duisend jaar gelede verskyn nie, maar kan tot ongeveer 3 500 miljoen jaar gelede teruggevoer word.
>
> C Mense is in hierdie proses ingesluit. Volgens die evolusieleer se siening is mense nie anders as ander lewensvorme nie. Mense is deel van die lewensproses van totstandkoming en vergaan. Mense het met 'n lang proses, wat miljoene jaar geduur het, te voorskyn gekom, totdat die 'moderne' mens uiteindelik ongeveer 100 000 jaar gelede te voorskyn gekom het.
>
> [Bron: *Religiestudies Graad 12*, Steyn Kruger Clasquin, bladsy 239]

4.1.1 Bespreek kortliks die oortuiginge van die tradisionele godsdienstige lewensbeskouing en die menslike bestaan wat, volgens sommige gelowiges, deur die evolusieteorie uitgedaag kan word. (8)

4.1.2 Verduidelik die term *ateïsme* en verduidelik hoe sommige ateïste die evolusieteorie kan gebruik om hulle wêreldbeskouing te ondersteun. (12)

4.1.3 Bespreek kortliks hoe, vanuit die konserwatiewe, ortodokse oogpunt, die Tora, die Christelike Bybel en die Koran kreasionisme sou ondersteun. (10)

4.2 Lees die volgende gedeelte en beantwoord die vrae wat volg.

> Deur hul Staande Kommissie vir Vredesonderwys fokus die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede op gedeelde waardes in drie algemene studie-areas om verdraagsaamheid en 'n gemeenskaplike lewenswyse onder alle mense in die wêreld te bevorder:
>
> - Multigodsdienstige onderwys
> - Geweldlose kommunikasie en konflikoplossing
> - Omgewings- en ontwikkelingsonderwys
>
> [Aangepas uit: *Fokus op Religiestudies Graad 12*, R Delle done en S Harbour, bladsy 26]

Bespreek hoe die DRIE algemene studie-areas wat in die gedeelte hierbo genoem is, positief tot die bevordering van verdraagsaamheid en 'n gemeenskaplike lewenswyse onder mense wêreldwyd en in Suid-Afrika kan bydra. (20)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou